

## **Gereformeerde Kerk Bellville – 24 Mei 2015 – oggend**

**Sing vooraf staande:** Psalm 110:1, 2 (p. 550)

- 1 Die HEER is dit wat tot my HEER gespreek het: / "Sit aan my regterhand as hoogste HEER, tot Ek u vyand in sy mag gebreek het, / hom werp as voetbank voor u voete neer.
- 2 "Aan U, so hoog in heerlijkheid verhewe, / gee Ek uit Sion, waar U sit ten troon, die heerserstaf oor wie u mag weerstrewe. / Sprei voor hul oog u heerskappy ten toon!"

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het. Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 146:1, 2 (p. 700)

- 1 Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stof!  
'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof  
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.
- 2 Moet op prinse nie vertrou nie, / by wie niemand heil kan vind –  
op die mens jou hoop nie bou nie; / want as God hul gees ontbind,  
keer hul na die aarde weer / en hul raadslag stort terneer.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 79:5, 6 (p. 403)

- 5 Gedenk die kwaad, deur ons gedaan, nie meer. / Ons euweldaad wil ons vergeef, o HEER!  
En maak u volk wat nou, verswak, moet ly, / deur u gena weer van die skuldstraf vry.
- 6 Ons vra dit nie om ons verdienste, nee; / maar om u Naam die hoogste eer te gee;  
en dat die vyand nooit met ons mag spot: / "Wie is die HEER? En waar is nou hul God?"

Gebed

Skrifberyming 5-3:4, 5 (8)

- 4 Die sondelose Lam, vir sondeskuld geslag, / is waardig om te ontvang die rykdom, wysheid, krag,  
en eer en heerlijkheid en dankb're seëninge! / En al wat leef en roer, al die geskape dinge  
op aarde en diep omlaag, of in die hoë hemel, / al wat die see bewoon en in sy dieptes wemel –
- 5 die ganse skepping sing met krag van jubeltoon: / "Aan Hom wat heerlijk is, hoog op die wêreldtroon,  
en aan die Lam van God, self eewige Skeppings-Here, / sy ewig lof en prys en krag en roem en ere!"  
Met "Amen, Amen!" het die gérubs opgesewe. / Die oudstes het aanbid voor Hom wat ewig lewe.

**Skriflesing:** Johannes 3:22-36; Dordtse Leerreëls, Artikel 4

**Kernvers:** Johannes 3:36

**Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom.**

(Johannes 3:36 AFR53)

**Dordtse Leerreëls**

**Hoofstuk 1, Artikel 4**

*Die toorn van God bly op mense wat hierdie evangelie nie glo nie. Hulle wat die evangelie egter aanneem en die Verlosser, Jesus, met 'n ware en lewende geloof omhels, word deur Hom van die toorn van God en van die verderf verlos, en Hy skenk hulle die ewige lewe (Joh 3:36; Mark 16:16).*

## **Tema:** Hoekom geloof in Jesus Christus lewensnoodsaaklik is

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, in die derde artikel in hoofstuk 1 van ons Dordtse Leerreëls bely ons dat God verkondigers van die vreugdevolle boodskap van Jesus stuur na wie Hy wil en wanneer Hy wil. Deur die verkondiging van die evangelie word mense tot bekering en geloof in Christus, die gekruisigde, opgeroep. Verlede Sondag het ons uit Handeling 16 gehoor hoekom die Here vir Paulus deur sy Gees na Filippi gelei het. In daardie stad was daar ten minste dié twee mense – Lídia en die tronkbewaarder – wat in daardie stadium die evangelie van Jesus moes hoor. En wat 'n groot vreugde – hulle het albei positief op die verkondiging gereageer. Hulle het tot geloof gekom in Jesus Christus.

Die Woord van die Here is egter eerlik oor die reaksie van mense op die verkondiging van die evangelie. Ons hoor van baie mense soos Lídia en die tronkbewaarder wat tot bekering en geloof in Christus gekom het. Maar ons hoor ook van baie mense wat die evangelie hoor en dit nie glo nie. Oral waar Paulus gepreek het lees ons van Jode en heidene wat eenvoudig nie wou glo nie. In artikel 4 bely ons wat die gevolg van die twee onderskeie reaksies op die verkondiging van die evangelie is.

Om die waarheid te sê, artikel 4 verwoord ons kernvers in Johannes 3 met enkele uitbreidings. Daarom gaan ons by Johannes 3 begin om aan die einde terug te keer na ons belydenis in artikel 4.

Broers, susters en kinders, na aanleiding van 'n redenasie tussen die Jode en sommige van die dissipels van Johannes die Doper, het daar verwarring by hierdie dissipels ontstaan. Vir hulle het dit gelyk asof Jesus se werk aan die oorkant van die Jordaan in botsing is met Johannes die Doper s'n. Hulle het verstaan dat Jesus aan die oorkant van die Jordaan mense doop en dat almal besig is om na Hom toe te gaan. Vir hierdie dissipels het dit onregverdig gelyk.

Daarom het Johannes die Doper met vier kort stellings hulle uitsig op Jesus en sy werk weer in fokus gekry. Wat Jesus ook al doen, doen Hy omdat Hy dit uit die hemel ontvang het. Van die Vader het Jesus die opdrag gekry om as Verlosser op die aarde te werk. Tussen Jesus en Johannes die Doper is daar hoegenaamd nie 'n botsing nie. En dit is nie, soos wat dit vir hierdie dissipels lyk, dat Jesus nou Johannes die Doper se plek wil inneem nie. Johannes die Doper sê weer dat hy nie die Christus is nie. Hy is net voor die Christus uitgestuur. Om die waarheid te sê, hy is die bruidegom se vriend en as die bruidegom gekom het, staan die vriend opsy sodat die bruidegom sy bruid kan ontmoet en ontvang. Daarom is dit onvermydelik dat Jesus meer of belangriker moet word onder die mense en hy wat Johannes die Doper is, minder moet word. Hy skuif nou op die agtergrond omdat die bruidegom hier is (Joh 3:27-30).

Die Heilige Gees het die apostel Johannes gelei om nog verder te skryf oor hierdie woorde van Johannes die Doper. En in die laaste deel van die hoofstuk – vanaf vers 31 – word drie keer gesê hoekom Jesus Christus ver verhewe is bo Johannes die Doper. Dit is juis hierdie drie aanwysings van Jesus se verhewenheid wat mense tot geloof in Hom roep.

Die eerste aanwysing vind ons in vers 31.

**Hy wat van bo kom, is bo almal; hy wat uit die aarde is, is uit die aarde en praat uit die aarde. Hy wat uit die hemel kom, is bo almal.** (Johannes 3:31 AFR53)

Die woorde in vers 31 sluit aan by Jesus se woorde van vroeër aan Nikodémus. In sy

gesprek met Nikodémus het Jesus dit duidelik gemaak dat Hy uit die hemel neergedaal het. Deur dit nou in vers 31 te herhaal beklemtoon die Heilige Gees nogeens dat die Seun van God van ewigheid af bestaan. Hy het uit die hemel neergedaal sodat Maria swanger kon word met Jesus Christus, die Seun van God. Die Seun het uit die hemel neergedaal om in Maria die menslike natuur aan te neem sodat Hy in mense se plek die straf op die sonde kon dra. Maar nou is Hy weer verhoog. Nadat Hy volmaak die verlossingsopdrag uitgevoer het, het die Vader sy Seun weer in die hemele verhoog waar Hy regeer as Koning en intree vir die gelowiges. Twee maal beklemtoon Johannes dat Jesus bo almal is.

Uit hierdie eerste aanwysing maak ons die volgende gevolgtrekking: Jesus se herkoms uit die hemel maak duidelik dat Hy bo almal verhewe is. Hy is die Seun van God – daarom moet 'n mens in Hom glo. Johannes die Doper en elke ander mens is maar net van die aarde. En selfs al doen hulle belangrike werk soos Johannes die Doper bly hulle steeds onder Jesus se gesag, want Hy is bo almal.

Die tweede aanwysing in verband met Jesus se verhewenheid kry ons in vers 32 tot 34 wat oor die getuienis of prediking van Jesus handel. Afgesien daarvan dat die Vader sy Seun met 'n spesifieke opdrag na die aarde gestuur het – om die kinders van God te verlos – het Jesus Christus niks uit Homself gedoen of gesê nie. Luister net wat sê Jesus self oor sy prediking en werke:

**Jesus antwoord hulle en sê: My leer is nie myne nie, maar van Hom wat My gestuur het.** (Johannes 7:16 AFR53)

**En Jesus sê vir hulle: Wanneer julle die Seun van die mens verhoog het, dan sal julle weet dat dit Ek is; en uit Myself doen Ek niks nie; maar net wat my Vader My geleer het, dit spreek Ek.** (Johannes 8:28 AFR53)

**Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie? Die woorde wat Ek tot julle spreek, spreek Ek nie uit Myself nie; maar die Vader wat in My bly, Hy doen die werke.** (Johannes 14:10 AFR53)

Wat Jesus dus ook al aangaande die Vader getuig het, watter werk Hy ook al op die aarde gedoen het, sy getuienis is betroubaar, want Hy is 'n oor- en ooggetuie van die Vader se woorde en werke. Daarom moet Jesus geglo word.

Maar daar is 'n verskil tussen Jesus maar net te glo en werklik ín Hom te glo. Wat bedoel ek? Let op wat staan aan die einde van vers 32 geskryf: **en niemand neem sy getuienis aan nie.** Maar die berig wat die dissipels aan Johannes die Doper bring, is dat almal na Jesus toe gaan.

Daar was dus 'n menigte mense wat Jesus graag gevolg het. Hy was by baie mense populêr, want Hy het siekes genees, Hy het vir die wat honger is kos gegee, meer as wat hulle kon opeet. Hulle was gefassineer deur die gelykenisse wat Hy vertel het. Baie van hulle het op die Sondag voor sy kruisiging Hom met groot gejuig en lofliedere Jerusalem in vergesel. Maar toe die sentiment rondom Jesus die Vrydagoggend draai, het die meeste van hulle saam met die Fariseërs en skrifgeleerdes geskree dat Jesus gekruisig moes word.

Die punt wat die Heilige Gees maak: Ons moet seker wees om watter rede ons ons vertrou in Jesus stel. Doen ons dit omdat die mense rondom ons dit doen? Doen ons dit omdat Jesus allerhande wonderlike beloftes aan ons maak waaraan ons graag deel wil hê? Of is ons vertrou in Hom gevestig omdat Hy regtig is wie Hy sê Hy is: die Christus, die Seun van die lewende God wat na hierdie wêreld gestuur is om in my en jou plek aan

die kruis te sterf oor ons sondes? Wie sy vertrou in Christus stel op grond van wat Jesus van Homself en sy Vader getuig, sit sy seël daarop dat God waaragtig is. Teen alle sogenaamde menslike logika in het jy dit vir jouself vasgemaak: Jesus Christus is die beloofde Verlosser en deur die geloof in Hom is Hy jou Here en Saligmaker. Nie omdat ander mense so sê nie, maar omdat die Heilige Gees deur die Woord in jou hart daarvan getuig. Daarom, selfs al draai ander mense van Hom af weg, hou jy in die geloof aan Hom vas omdat Hy is wie Hy sê Hy is.

Die getuienis wat Jesus dan gee van die Vader is waaragtig, want Hy spreek die woorde van God. Maar daar is nog 'n verdere versekering dat Jesus se getuienis die volle waarheid is – aan Hom is die Heilige Gees in volle mate gegee. In gelowiges gebeur dit nog dat hulle woorde nie altyd betroubaar is nie omdat hulle soms moedswillig die Heilige Gees se werk in hulle ignoreer of weerstaan – hulle aanvaar dus nie altyd die volle heerskappy van die Heilige Gees in hulle lewens nie. Daarom gebeur dit dat gelowiges die Heilige Gees bedroef. By Jesus het dit egter nooit gebeur nie. Hy en die Heilige Gees het saam die volle raad van die Vader betroubaar verkondig, want Hy is 'n oog- en oorgetuie van die Vader se woorde en werke. Oor hierdie waarheid word ons tot geloof in Hom geroep.

Die derde aanwysing van Jesus se verhewenheid is gesetel in die absolute heerskappy wat Hy het. God het nie net die Heilige Gees in volle mate aan sy Seun gegee nie, Hy het ook alles wat Hy besit in sy Seun se hande gegee. Daarom het Jesus voor sy hemelvaart met krag getuig:

**Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.** (Matteus 28:18 AFR53)

Jesus se herkoms uit die hemel as die Seun van God, sy waaragtige oor- en ooggetuienis en die feit dat die Vader aan Hom alles oorgegee het wys op Jesus se verhewenheid. Vanuit hierdie drie aanwysings van Jesus se verhewenheid bo enigiemand anders op aarde bring die Heilige Gees ons by dié gevolgtrekking: Ons ewige bestemming berus op die geloof in Jesus Christus.

**Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom.**  
(Johannes 3:36 AFR53)

Ons moet baie noukeurig luister wat die Heilige Gees in hierdie vers sê. Daar staan nie geskryf dat hulle in wie die geloof gewerk is, sal die ewige lewe hê nie, maar hulle in wie die geloof nie gewerk is nie, sal die lewe nie sien nie. Indien dit so geskryf was, sou die mens gerieflik die skuld vir die ongeloof en ongehoorsaamheid op die Here kon afpak. Die Heilige Gees sê dat **hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom.** Dit is voluit die mens se verantwoordelikheid om Jesus te gehoorsaam wanneer Hy ons in die evangelie tot bekering en geloof in Hom roep, want Hy is verhewe en waaragtig. As oog- en oorgetuie van die Vader se woorde en werke het Jesus Christus God se hart van liefde ten volle aan die wêreld kom openbaar. God het die wêreld so lief dat Hy sy eniggebore Seun aan die vloekdood van die kruis oorgegee het, want dit is die enigste regverdige manier om met die sonde af te reken. Wie dan nie gehoorsaam wil wees aan die Seun deur hom te bekeer en in Jesus te glo na so 'n groot offer nie, moet weet dat die toorn van God op hom bly.

Kyk mooi, die toorn van God kom nie op die mense wat nie die evangelie glo nie – die toorn van God bly op hulle. Toe hulle die evangelie gehoor het, was hulle reeds onder die toorn van God omdat alle mense in sonde ontvang en gebore word en daarom onder die toorn van God is. Slegs Jesus Christus se offer aan die kruis hef hierdie toorn

van God wat op die mens is op, en dit gebeur slegs deur die geloof in Christus.

Ons moet egter nie aflei dat die mens maar net dieselfde bly wanneer hy nie die evangelie glo nie. Die toorn van God bly op op hom, ja, maar aangesien hy die waarheid van Christus self gehoor het en dit weet, tree daar by hom verharding in, want hy wil dit nie glo nie. Ons sien hierdie verharding by Farao duidelik raak. Elke wonder wat die Here deur Moses laat gebeur het, het nie 'n verandering ten goede by hom gebring nie. Inteendeel, hy het telkens net meer en meer onversetlik geword en wou nie erken dat die Here God is nie. Elke keer wanneer iemand die evangelie hoor en dit nie glo nie, wil hy nie erken dat Jesus Christus die enigste en volmaakte Verlosser is nie. En die toorn van God bly op hom solank hy hom nie bekeer nie.

Maar ***hulle wat die evangelie aanneem en die Verlosser, Jesus, met 'n ware en lewende geloof omhels, word deur Hom van die toorn van God en van die verderf verlos en Hy skenk hulle die ewige lewe.*** Wie soos 'n bedelaar die evangelie van verlossing deur Christus aanvaar as die volle waarheid omdat die Heilige Gees dit in sy hand kom neersit, wil nie iets anders doen nie as om Jesus met 'n ware en lewende geloof te omhels. Jy verheug jou in die Here wat die verlossing en saligheid net met sy dood en opstanding vir jou bewerk het. Omdat Hy jou syne gemaak het, streef jy deur die geloof daarna om alles wat Hy vir jou verwerf het joune te maak. Slegs Jesus Christus hef die toorn van God op wat op 'n mens was. Slegs deur die geloof in Jesus Christus kom 'n mens weer in die regte verhouding met God. En hierdie geloof kom net deur die gehoor van die Woord van God.

Geliefdes, ons staan nou op die punt om nagmaal te vier. In die sakrament van die nagmaal leer die Heilige Gees ons nie iets anders as wat Hy deurentyd deur die verkondiging van die evangelie van Christus aan ons leer nie. Trouens, by die nagmaal betrek die Heilige Gees net meer sintuie as ons ore om ons te verseker dat Jesus Christus inderdaad die enigste Verlosser is. Deur hierdie versekering versterk Hy die Christene se geloof wat voortdurend deur Christus tot God nader.

Met die verkondiging van die Woord word ons opgeroep tot bekering en geloof in Christus, die gekruisigde. Aan die nagmaal kan slegs hulle deelneem wat hulle bekeer het tot Christus. Dit is immers nie die viering van die nagmaal wat 'n mens by God bring nie. 'n Mens kom slegs deur die geloof in Christus by God. Daarom is die viering van die nagmaal slegs vir hulle wat aanhoudend deur Christus tot God nader omdat hulle die Seun gehoorsaam wanneer Hy hulle in die evangelie tot bekering en geloof roep.

Wat is die punt wat dan nou gemaak word? Dit is: Ons gaan nie nagmaal vier net omdat die tafel gereedgemaak is en ons in die erediens is nie. Ons gaan nie nagmaal vier bloot omdat ons lidmate in die Gereformeerde Kerk Bellville is nie. Ons gaan nie nagmaal vier sodat ons vir die volgende drie maande dan weer net so af en toe in 'n erediens hoef te kom nie. Ons gaan nagmaal vier omdat die Here sy verbond met ons bevestig het en Hy in sy verbondstrou ons voortdurend deur die evangelie verkondiging tot bekering en geloof in Christus roep. Wanneer ons dan toetree tot die tafel bely ons dat ons van harte glo dat Christus die genadeverbond met sy dood en bloedstorting vir ons persoonlik bekragtig het.

**Amen!**

Skrifberyming 4-8:1, 2 (5)

1 Die Woord het vlees geword  
en onder ons gewoon.  
Ons het sy heerlikheid aanskou,

2 die heerlikheid van Hom  
wat van die Vader kom,  
wat vol genade en derenis

die van Gods eenige Soon;

en vol van waarheid is.

### Formulier vir die viering van die heilige nagmaal

#### Psalm 84:3, 4 (p. 425)

- 3 Welsalig is die mensekind / wat al sy sterkte in U mag vind,  
en op mag gaan na Sions hoogte. / Wanneer hul haas van dors verkwyn,  
dan is die HEER self hul fontein / waar dorsland smag van somerdroogte.  
Ook sal 'n reën hul daar oordek / wat hul tot nuwe lewe wek.
- 4 Hul sal van krag tot krag steeds gaan / totdat hul voet in Sion staan:  
geeneen wat daar nie sal verskyn nie. / Let, HEER der leërskaare, let  
op my geroep, hoor my gebed, / en laat my nie in druk verkwyn nie.  
Leen my 'n toegeneë oor; / o Jakobs God, gee my gehoor!

#### Aan tafel: Psalm 146:3 e.v (p. 700)

#### Met die terugbeweeg: Psalm 118:7 e.v. (p. 577)

#### Skrifberyming 7-2:1, 2

- 1 Die Begin en Einde, / Alfa en Omega, / hoor, dis Ek wat kom!  
Hou my wet en woorde / tot jy deur die poorte / veilig binnekom.  
Buite bly die bose staan, / sondaars wat voor God nie bewe. / – Jý ontvang die lewe!
- 2 Ek, die Heer van here, / Koningskind van ere, / kom in krag met mag.  
Ek, die ster van sterre, / skitterblink van verre: / "Einde van die nag!"  
En die Gees en bruid roep uit: / "Jesus, Here, kom in ere! / Kom tog gou, o Here!"

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
24 Mei 2015